

## Agtergrond / Background

Die koshuis is 'n trotse deel van die Hoër Meisieskool La Rochelle wat in ongeveer 1860 as 'n privaatskooltjie van 'n sekere mev. Hugo begin is. Dit het later die bekende "Ladies Seminary" van prof. Jan S. De Villiers geword. Op sy versoek het dr. Andrew Murray die skool in 1890 oorgeneem en het dit 'n tak van die Hugenote-Seminare geword en gebly tot 1913, die jaar waarin dit onafhanklik geword en die naam La Rochelle ontvang het.

### WAT IS SPESIAAL AAN LA ROCHELLE KOSHUIS?

- ✓ *Ons gee om en probeer ons bes om elkeen se veiligheid te verseker.*
- ✓ *Spesiale ontwerpte trui en T-hemde word met spesiale geleenthede gedra.*
- ✓ *Senior leerders (graad 10 tot 12) studeer in hul kamers by hul eie tafels.*
- ✓ *Middagete word tydens die skool se lang pouse (± 13:00) in die koshuis bedien.*
- ✓ *'n Spesiale afsluitingsfunksie word aan die einde van die jaar gehou waartydens 'n driegangmaaltyd voorgesit word. Dit word voorafgegaan deur 'n program waar afskeid geneem word van die matrieks.*
- ✓ *'n Spesiale ete word aangebied tydens Valentyns- en Lentedag.*
- ✓ *Die koshuis se verjaarsdag word tydens Junie-maand gevier.*
- ✓ *Daar is geleentheid om aktiwiteite buite skoolverband by te woon (bv. kerkaktiwiteite en gimnasium).*
- ✓ *Uitstappies vir kosgangers wat slegs vakansies huis toe gaan.*
- ✓ *Vir ontspanning het die kosgangers hulle eie gimnasium.*
- ✓ *Pretaande word deur die prefekte georganiseer gedurende die kwartaal.*